



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NOVEMBER 2018

GRAAD 10

**REKENINGKUNDE
VRAESTEL 2**

PUNTE: 150

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n 12 bladsy antwoordboek

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is by hierdie vraestel ingesluit. Jy kan dit gebruik soos benodig.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vraestel te beantwoord.
7. Alle bewerkings moet tot EEN desimale punt getoon word, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG 1: 20 punte; 15 minute	
Tema	Hierdie vraag integreer:
BTW en etiek	BTW-begrippe en berekeninge Etiese oorwegings

VRAAG 2: 35 punte; 30 minute	
Tema	Hierdie vraag integreer:
Grootboeke en versoenings	Debiteurekontrolerekening Krediteurekontrolerekening Krediteurelys

VRAAG 3: 25 punte; 20 minute	
Tema	Hierdie vraag integreer:
Begrotings	Definisies en berekeninge

VRAAG 4: 30 punte; 25 minute	
Tema	Hierdie vraag integreer:
Vervaardiging	Vervaardigingsbegrippe en basiese kosteberekeninge

VRAAG 5: 40 punte; 30 minute	
Tema	Hierdie vraag integreer:
Vaste bates en voorraad	Vaste bates – interne kontrole en ouditprosesse Deurlopende voorraadstelsel – boekstaving en interne kontrole

VRAAG 1: BTW EN ETIEK**(20 punte; 15 minute)**

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR IS. Skryf slegs WAAR of ONWAAR langs die nommers (1.1.1 – 1.1.4) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Bruinbrood is 'n voorbeeld van 'n BTW vrygestelde item.

1.1.2 Die huidige BTW-koers in Suid-Afrika is 14%.

1.1.3 BTW is 'n billike vorm van belasting.

1.1.4 Die verskil tussen Inset BTW en Uitset BTW is die bedrag betaalbaar aan of ontvangbaar van SAID. (4)

1.2 Bereken die onbekende getalle soos aangedui deur (a) tot (d).

Neem kennis dat die standaardkoers van BTW verander het.

BTW INGESLUIT	BTW UITGESLUIT	BTW BEDRAG
R 1 725	(a)	R225
R6 900	(c)	(b)
(d)		R675

(8)

1.3 OLIVIER HANDELAARS

Olivier Handelaars is vir BTW geregistreer. Die standaardkoers van BTW is van toepassing.

GEVRA:

1.3.1 Voltooi die tabel hieronder en dui aan watter wat items wat gelys is van BTW vrygestel is en watter items nulkoers items is deur dit in die regte kolom af te merk.

Item	Nulkoers items	BTW vrygestel
Groente		
Salarisse en Lone		
Skoolgeld		
Vars vrugte		
Gedroogte bone		

(5)

1.3.2 Die eienaar vra jou raad. Hy wil die BTW invorder, maar nie aan die SAID oorbetal nie. Hy sien BTW as deel van sy winste. Is dit aanvaarbaar? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

20

VRAAG 2: VERSOENINGS**(35 punte; 30 minute)****BEGRIFFE**

2.1 Kies die korrekte woord/woorde tussen hakies om die stelling waar te maak. Skryf slegs die woord/woorde langs die nommers (2.1.1 – 2.1.3) in jou ANTWOORDBOEK neer.

2.1.1 'n Debiteur is 'n persoon wat (kontant/krediet) by 'n besigheid koop. (1)

2.1.2 Kredietnota is die brondokument vir die (debiteureafslagjoernaal/krediteureafslagjoernaal). (1)

2.1.3 Die saldo van die debiteurekontrolerekening moet ooreenstem met die saldo van die (debiteurelys/krediteurelys). (1)

2.2 Bestudeer die volgende grootboekrekeninge en beantwoord die volgende vrae:

2.2.1 Beskryf die transaksies in woorde wat by nrs. 1, 2 en 3 plaasgevind het. (3)

2.2.2 Die besigheid verkoop nie 'n goeie produk nie. Verskaf EEN rede, met bedrae om jou antwoord te staaf. (4)

2.2.3 Verskaf EEN rede vir die R240 aan die debietkant en EEN rede vir die R330 aan die kredietkant. (4)

2.2.4 Bereken hoeveel die debiteure aan die einde van die maand verskuldig is. (4)

2.2.5 Gee TWEE redes hoekom 'n tjek aan die trekker teruggestuur kan word. (2)

**ALGEMENE GROOTBOEK VAN MEME WINKELS
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING**

Dt.					DEBITEUREKONTROLE					Kt.	
2018 Okt.	1	Saldo	a/b	4 400	2018 Okt.	31	Bank ③	KOJ		4 000	
	31	Verkope ①	DJ	18 000			Debiteureafslag	DAJ		9 000	
		Bank ②	KBJ	800			Diverse rekeninge / Joernaalkrediete	AJ		330	
		Diverse rekeninge / Joernaaldebiete	AJ	240			Saldo	o/d			
				23 440						23 440	
Nov.	1	Saldo	a/b								

2.3 KREDITEUREVERSOENING

Die Krediteurekontrolerekening en die Krediteurelys van September 2018 is deur die boekhouer voorberei. Daar was foute en weglatings.

Die saldo van die Krediteurekontrolerekening was R21 105, terwyl die Krediteurlyste se totaal R25 315 op 30 September 2018 was.

GEVRA:

- 2.3.1 Toon die verbeteringe aan wat aan die Krediteurekontrolerekening in die Algemene grootboek en die Krediteurelys gedoen moet word deur die bedrae soos volg aan te dui: + toename; - afname. (15)

INLIGTING:**Die volgende foute en weglatings is gevind:**

- A. Die Krediteurejoernaal is met R 1 000 te veel opgetel.
- B. 'n Debietnota vir R 2 000 is nooit in die Krediteureafslagjoernaal opgeteken nie.
- C. 'n Bedrag van R 3 090 is in die Krediteurejoernaal verkeerdelik na die krediteur se persoonlike rekening as R 3 900 oorgeboek.
- D. Die Debiteurekontrolekolom se totaal van R 9 000 in die Kontantbetalingsjoernaal is verkeerdelik na die Krediteurekontrole oorgeboek.
- E. Goedere van R 4 600 op krediet gekoop op 30 September 2018 is korrek in die betrokke joernaal geboekstaaf, maar nooit na die rekening van die krediteur in die krediteuregrootboek oorgeboek nie.

35

VRAAG 3 : BEGROTINGS**(25 punte; 20 minute)**

- 3.1 Die graad 8-leerders beplan 'n sokkertoernooi op die skoolgrond om fondse in te samel vir 'n nuwe skoolbus.

GEVRA:

- 3.1.1 Bereken die volgende bedrae in die begroting:

- Totale verwagte ontvangstes van die sokkertoernooi (6)
- Totale verwagte betalings (5)
- Die totale surplus vir die sokkertoernooi (3)

INLIGTING

Daar is 20 sokkerspanne van die omliggende skole wat sal inskryf. 'n Span betaal R 1 000 om in te skryf en die toeskouers betaal R80 om na die wedstryde te kyk.

A Kaartjies

- 20 spanne sal inskryf
- 800 toeskouers sal die wedstryde bywoon

B Snoepie

- Verkope, R8 000
- Wins gemaak uit die snoepie, R6 000

C Huur

- Die skool sal die sportvelde teen R1 500 verhuur.

D Trofees

- R 2 500 vir al die trofees

3.2 Andrews Winkels dryf hoofsaaklik handel in sporttoerusting. Die besigheid handhaaf 'n vaste winsopslag op kosprys.

GEVRA:

3.2.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir die jaar geëindig op 30 Junie 2018:

- Bruto wins op koste van verkope (3)
- Netto wins op verkope (3)
- Bedryfsuitgawes op verkope (5)

INLIGTING:

INKOMSTESTAAT VAN ANDREWS WINKELS – 30 JUNIE 2018	
	R
Verkope	1 152 000
Koste van verkope	(720 000)
Bruto wins	432 000
Ander bedryfsinkomste	62 560
Bruto bedryfsinkomste	494 560
Bedryfsuitgawes	?
Bedryfswins	322 560
Rente uitgawe	(42 000)
Netto wins vir die jaar	280 560

25

VRAAG 4: VERVAARDIGING EN BEREKENINGE**(30 punte; 25 minute)**

Pas die woorde in kolom A by die mees gepaste verduideliking in kolom B. Skryf slegs die letter langs die vraagnommer neer.

4.1

KOLOM A		KOLOM B	
4.1.1	Vaste koste	A	Koste wat verander afhangende van die hoeveelheid eenhede wat geproduseer is.
4.1.2	Veranderlike koste	B	Koste wat verband hou met die produksie van die produk en wat maklik identifiseerbaar is.
4.1.3	Direkte koste	C	Gespesialiseerde arbeid wat betrokke is by die prosessering van materiaal om die finale produk te vervaardig.
4.1.4	Direkte arbeidskoste	D	Koste wat betaal is ongeag die getal eenhede wat geproduseer is.

(4)

4.2 KOSTEBEREKENINGE

Anele Ziba is 'n klein besigheid wat bolfbalbaadjies vervaardig.

GEVRA:

- 4.2.1 Gee TWEE voorbeelde van veranderlike koste en TWEE voorbeelde van vaste kostes. (4)
- 4.2.2 Bereken die volgende:
- Direkte materiaalkoste (3)
 - Direkte arbeidskoste (3)
 - Fabrieksbokoste (5)
 - Totale koste van produksie (4)
 - Eenheidskoste van 'n baadjie (3)
- 4.2.3 Ziba oorweeg dit om die grondstowwe in te voer, want dit is goedkoper en van 'n hoër kwaliteit. Noem TWEE aspekte wat hy in ag moet neem voor hy sy besluit finaliseer. (4)

INLIGTING:

- A. Die volgende kostes is gedurende Julie 2018 aangegaan:

	R
Materiaal gebruik in die produksie van die baadjies	150 200
Wapens, garing en knope	13 600
Lone betaal aan masjienoperateurs	96 520
Lone betaal aan materiaalsnyers	20 540
Salaris van fabriekbestuurder	16 200
Lone betaal aan fabriekskoonmakers	8 880
Skoonmaakmiddels gebruik in fabriek	7 740
Diverse fabrieksuitgawes	15 360
Advertensie uitgawes	9 020
Kantoorskryfbehoeftes	2 660

- B. Addisionele inligting

3 000 bolfbalbaadjies is gedurende Julie 2018 vervaardig.

VRAAG 5: VASTE BATES EN VOORRAAD**(40 punte; 30 minute)****5.1 VOORRAAD****GEVRA:**

- 5.1.1 In watter afdeling sal die Handelsvoorraad rekening in die grootboek aangeteken word? (1)
- 5.1.2 Verskaf die ontbrekende kontrarekening by A, B en C. (3)
- 5.1.3 Voltooi die ontbrekende folionommers by D, E en F. (3)
- 5.1.4 Verskaf die brondokumente by (i), (ii) en (iii). (3)
- 5.1.5 Daar was 'n inbraak op 31 Oktober 2018. Die waarde van die voorraad wat gesteel is, word bereken as R 2 000. Stel TWEE moontlike oplossings voor om so iets in die toekoms te verhoed. (4)
- 5.1.6 Verskaf TWEE redes (behalwe diefstal) hoe 'n handelsvoorraad tekort kan ontstaan. (4)
- 5.1.7 Die besigheid handhaaf 'n winsopslag persentasie van 80% op kosprys. Bereken die kredietverkope vir die maand. (3)

ALGEMENE GROOTBOEK VAN JOSEPHINE HANDELAARS

HANDELSVOORRAADREKENING									
2018 Okt.	1	Saldo	a/b	57 400	2018 Okt.	31	Koste van verkope	KOJ (i)	800
	31	Bank	D	28 444			Koste van verkope	F	17 320
		A	KJ (ii)	28 000			B	AJ	9 000
		Koste van verkope	E	2 554			C	KAJ (iii)	4 888
							Diefstal	AJ	2 000
							Handelsvoor-raad tekort	AJ	1 200
							Saldo	o/d	81 190
				116 398					116 398
Jul	1	Saldo	a/b	81 190					

5.2 VASTE BATES

Die volgende inligting is uit Didi Winkels vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2018 geneem.

GEVRA:

5.2.1 Bereken die waardevermindering op 30 Junie 2018:

- Op voertuie (7)
- Op toerusting (7)

5.2.2 Nadat uitbreidings en verbeteringe aan die geboue gedoen is, word die geboue teen R 500 000 gewaardeer. Wat is die bedrag wat die besigheid in die finansiële state moet aandui? (3)

5.2.3 Hoekom dink jy is dit belangrik vir enige besigheid om hul eiendom in stand te hou? (2)

INLIGTING

UITTREKSEL UIT SALDO'S OP 1 JULIE 2017 IN DIE GROOTBOEK

	R
Grond en geboue	240 000
Voertuie	190 000
Toerusting	60 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	28 500
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	5 600

Addisionele inligting

A Grond en geboue

- Brei die winkel uit vir R 50 000 en betaal vir herstelwerk aan die gebou, R 15 000. Die transaksie is nie geboekstaaf nie.

B Toerusting

- Die besigheid het rekenaars en drukkers op 31 Maart 2018 vir die kantoor aangekoop, R 30 000. Dit is behoorlik geboekstaaf.
- Waardevermindering word bereken teen 10% op die kosprysmetode.

C Voertuie

- 'n Voertuig is op krediet op 1 Oktober 2017 aangekoop vir R 160 000. Geen inskrywings is van hierdie transaksie gemaak nie.
- Waardevermindering word bereken teen 10% per jaar op die drawaardemethode.

GRAAD 10 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD		
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
(Handels en ander ontvangbare + Kontant en kontantekwivalente): Bedryfslaste		
$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	Totale bates : Totale laste	